

Tydlike COVID-19- versorging weg van die huis af

Moet asseblief nie paniekerig raak nie. Die meeste mense met COVID-19 kry ligte tot matige simptome en hoef nie by 'n hospitaal behandel te word nie. Die rede hoekom jy gevra is om by 'n fasiliteit te bly, is omdat jy nie 'n ekstra kamer by die huis het nie of dis nie veilig om by die huis te wees nie. Die Wes-Kaapse Regering en munisipaliteite bied gemaklike fasiliteite waar jy van jou familie afgesonder kan word totdat dit veilig is om terug te keer huis toe.

Tydlike COVID-19-fasiliteite:

- **Isolasiefasiliteite** vir ligte tot matige simptome waar jy van COVID-19 kan herstel (gewoonlik 10 dae)
- **Hospitale** – vir ernstige simptome
- **Oorgangsfasiliteite** wanneer daar op uitslae gewag word (gewoonlik 1 tot 2 dae)
- **Kwarantynfasiliteite vir 'n langer termyn** vir mense wat noue kontakte was (gewoonlik 7 tot 14 dae)

Dit is belangrik dat alle mense wat deur COVID-19 geraak word, apart gehou word om te verhoed dat die virus verder versprei. Mense wat wel COVID-19 het, sal in aparte fasiliteite wees. Mense wat op toetse wag asook kontakte kan in dieselfde

fasiliteit wees, maar hulle sal geskei word.



5 Goue Reëls

1. Was hande
2. Moenie aan gesig vat
3. Bly 1,5 m uitmekaar
4. Bedek jou hoes
5. Siek? Bly tuis

Isolasie is wanneer 'n persoon wat wel COVID-19 het, afgesonder word van ander mense.

Kwarantyn is wanneer 'n persoon wat nie COVID-19 het nie maar wel in noue kontak was met iemand wat dit het, van ander mense geskei word of wanneer 'n persoon op toetsuitslae wag.



Dis baie moeilik om van jou familie geskei te word, maar dit is noodsaaklik om te keer dat die virus na jou geliefdes en gemeenskap versprei. Jou gesondheidswerker en maatskaplike dienste sal jou raad gee oor die voordele van versorging weg van die huis.



Wes-Kaapse Regering COVID-19-blitslyn
021 928 4102 of 080 928 4102 (tolvry)

Nasionale WhatsApp: 0600 123 456



Wes-Kaapse
Regering

BLY VEILIG. RED LEWENS.


Wat moet ek saambring?

Dis amper soos om vir 'n tydjie iewers heen te gaan.




Genoeg klere
en nagklere vir
jou verblyf

Gunsteling peuselhappies
of lekkernye




Tandeborsel, tandepasta
en ander toiletware

Handdoeke,
waslappe, seep




'n Selffoon
en laaier



Kroniese medikasie

'n Gunstelingkussing
of -kometers



Los
waardevolle
items
asseblief by
die huis.



Iets wat jou aan jou
geliefdes herinner bv.
foto van die familie

Boeke, tydskrifte
of kunsvlyt (bv.
brei, naaldwerk,
houtsneekuns)



Wat kan ek te wagte wees?

- Vervoer na en van die fasiliteit
- 'n Kamer en toegang tot 'n badkamer
- Gereelde etes
- Om jou simptome te monitor en aan te meld
- Om jou eie foon te gebruik om in kontak te bly met jou geliefdes
- Om jou eie kamer skoon te maak
- Reëls om ander besoekers en personeel te beskerm bv. om nie jou kamer te verlaat nie
- Geen besoekers sal toegelaat word nie
- Geen alkohol of dwelms sal toegelaat word nie
- Raad van jou gesondheids- en maatskaplike werker wanneer jy weer huis toe gaan

Wat kan my huishouding te wagte wees?

- Gesondheidspanne sal die risikovlak in elke huishouding assessee, en toetse en kwarantyn aanbeveel soos nodig.
- Jong kinders sal nie van hul ma's of versorgers geskei word nie.
- Gesondheidspersoneel sal saam met gemeenskapsleiers werk om te verseker dat jou huishouding nie geviktimiseer word nie. Alle dreigemente word in 'n ernstige lig beskou en indien nodig, sal die lede van jou huishouding iewers anders geakkommodeer word totdat hulle veilig kan terugkeer. Alle veranderinge sal duidelik aan jou oorgedra word.



Wes-Kaapse
Regering

BLY VEILIG. RED LEWENS.